



Op pad na 'n volwasse gemeente – 'n empiriese ondersoek met die oog op die ontwikkeling van 'n bedieningsmodel

G. Breed & J. de Kock
Eenheid vir Reformatoriese Teologie
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: gert.breed@nwu.ac.za
janidk@gmail.com

Abstract

Towards a mature congregation – an empirical study of the development of a ministry model

This article describes an empirical study conducted in the Reformed Church Randburg during January 2009. The objective of the study was to gather information with the aim of improving or modifying the congregation's ministry model in terms of ministering within the congregation. The congregation's initiatives outside of the congregation were not addressed. The ultimate goal is a congregation of which the members serve each other, as God prescribes in his Word, and as such, mature to the glory of his Name. Firstly, the role that an empirical study should play within the development of a ministry model is discussed. Then, the historical run-up to the empirical study within the Reformed Church Randburg is described. This includes the ministry model followed up to the time of the study, as well as the degree to which it was successful. The research methodology and its results are then discussed. In conclusion, the guidelines deduced from the results of the research for the development of a ministry model are discussed.

Opsomming

Op pad na 'n volwasse gemeente – 'n empiriese ondersoek met die oog op die ontwikkeling van 'n bedieningsmodel

Hierdie artikel beskryf 'n empiriese studie wat gedoen is in die Gereformeerde Kerk Randburg tydens Januarie 2009. Die doel van hierdie studie was die insameling van inligting, met die oog

op die verbetering of verandering van die gemeente se bedieningsmodel ten opsigte van die bediening binne die gemeente. Die bediening van die gemeente na buite is nie in die ondersoek hanteer nie. Die uiteindelijke doel is 'n gemeente wat mekaar bedien soos God dit in sy Woord voorskryf, en wat groei tot volwassenheid ter ere van sy Naam. Eerstens word die plek wat 'n empiriese ondersoek in die ontwikkeling van 'n bedieningsmodel van 'n gemeente behoort in te neem, bespreek. Daarna word die historiese aanloop tot die empiriese ondersoek binne die Gereformeerde Kerk Randburg beskryf. Dit sluit die bedieningsmodel in wat tot en met die ondersoek gevolg is, asook die mate van sukses wat daarmee behaal is. Hierna word die navorsingsmetodologie asook die resultate van die navorsing bespreek. Ten slotte word riglyne vir die ontwikkeling van 'n bedieningsmodel vanuit die resultate van die navorsing voorgehou.

1. Inleiding

Hierdie artikel beskryf 'n empiriese studie wat gedurende Januarie 2009 in die Gereformeerde Kerk Randburg gedoen is. Die doel van die studie was die insameling van inligting met die oog op die verbetering of verandering van die gemeente se bedieningsmodel ten opsigte van die bediening binne die gemeente. Die bediening van die gemeente na buite word nie in die ondersoek behandel nie. Die uiteindelijke doel is 'n gemeente wat mekaar bedien soos God dit in sy Woord voorskryf en wat groei tot volwassenheid tot eer van sy Naam. In die eerste plek word die plek wat 'n empiriese ondersoek in die ontwikkeling van 'n bedieningsmodel van 'n gemeente behoort in te neem, bespreek. Daarna word die historiese aanloop tot die empiriese ondersoek binne die Gereformeerde Kerk Randburg beskryf. Dit sluit die bedieningsmodel in wat tot en met die ondersoek gevolg is, asook die mate van sukses wat daarmee behaal is. Hierna word die navorsingsmetodologie asook die resultate van die navorsing bespreek. Ten slotte word riglyne vir die ontwikkeling van 'n bedieningsmodel vanuit die resultate van die navorsing voorgehou.

2. Die plek van 'n empiriese ondersoek

Wanneer 'n gemeente 'n empiriese ondersoek doen, is dit belangrik om die plek wat daardie ondersoek en die resultate daarvan moet inneem, te bepaal.

Die vertrekpunt van enige bedieningsmodel in 'n gemeente moet die Woord van God wees. Uit die Woord moet die doelwit en die inhoud van die bediening bepaal word. Die Woord gee riglyne oor die ge-

sindheid waarin die bediening moet plaasvind asook sekere riglyne oor die struktuur van die bediening. Hierdie riglyne wat uit die Skrif verkry is, moet na die praktiese situasie van die gemeente oorgedra en toegepas word sodat dit effektief dien tot opbou van die gemeente en die gemeentelide se groei na volwassenheid. Om die oorgang doeltreffend te kan doen, speel empiriese navorsing 'n baie belangrike rol (Heimbrock, 2005:275; Struwig, 2004:79).

Nel (2009:2) wys op die weerstand wat verandering in 'n gemeente kan wek. Hy bepleit die noodsaak van ontleding in 'n gemeente en dat besluite wat ten opsigte van gemeentebou geneem word, gegrond sal wees op data wat ingesamel is. Hieronder kan besluite in die gemeente moontlik op voorgevoelens, vrese of tradisies gegrond word. Hy (Nel, 2009:6) haal Callahan aan wat sê dat 'n gemeente sy sterk punte moet sien as gawes van God, en dat hy hierdie gawes moet omarm as 'n krag van God binne die gemeente. Die gemeente moet vra hoe die sterk punte uitgebou kan word om God se opdrag doeltreffender uit te voer.

Schwarz (1996:13-14) sluit hierby aan deur klem te lê op die ontsluiting van die groeipotensiaal wat God in 'n gemeente inbou. Groeiprogramme moenie aan 'n gemeente opgedwing word nie, maar die natuurlike potensiaal moet benut word. Hierdie benadering het nie in die eerste plek getallegroei ten doel nie, maar beskou die gehalte van die gemeentelide as die sleutel tot groei. 'n Bloot pragmatiese benadering word dus verwerp en bybelse beginsels word eerder as vertrekpunt geneem.

Woolever en Bruce (2004:3) wys op die uniekheid van elke gemeente met sy eie verhaal en sy eie blik op die werklikheid (vgl. ook Van der Ven, 2002:7). Deur 'n empiriese ondersoek kan die unieke eienskappe van 'n gemeente beter verstaan word: wat die besondere gawes is en waarvoor gemeentelide in hulle gemoed gereed is (vgl. Van der Ven, 2002:10).

3. Die aanloop tot die empiriese ondersoek

3.1 Bedieningsmodel

Die Gereformeerde Kerk Randburg is 'n stadsgemeente wat ten tye van die ondersoek uit sowat 1 071 belydende lidmate bestaan het. Die meeste lidmate wat aan die ondersoek deelgeneem het, het universiteitsopleiding en het óf hulle eie ondernemings, óf werk in 'n professionele kapasiteit. Sowat die helfte van die gemeente is tus-

sen 18 en 40 jaar oud. 'n Verdere 30% van die gemeente is tussen 40 en 60 jaar oud.

Voordat die empiriese ondersoek gedoen is, het die gemeente reeds vir ongeveer drie jaar 'n bepaalde bedieningsmodel gevolg, wat daarop gemik was om die gemeente toe te rus vir sy dienswerk om onderlinge liefde in die gemeente te bevorder en uit te reik na buite. Die bedieningsmodel het in die gemeente as “mekaar-bediening” of “lidmate-kerk” bekend gestaan. Die model is gegrond op Efesiërs 4 asook die verskillende tekste in die Bybel waar die gelowiges aangespoor word om “mekaar te bedien” (vgl. Versteeg, 1980). Die empiriese ondersoek het ten doel gehad om *hierdie* model te verfyn of te verander, in die lig van die inligting wat uit die ondersoek verkry sou word.

Kruger (2005:534-545) se verklaring van Efesiërs 4 met betrekking tot die funksionering van 'n gemeente kan soos volg voorgestel word:

Tabel 1: Die funksionering van die gemeente na aanleiding van Efesiërs 4

	AMPSDRAERKERK		MEKAARBEDIENING	
	Besondere gawes funksioneer		Algemene gawes funksioneer ook	
AKTIEF	Blok 1 (vs. 11)	Blok 2 (vs. 12a)	Blok 3 (vs. 12b)	Blok 4 (vs. 13)
	Christus gee ↓	Kerkleiers rys toe ↓	Gelowiges dien/bou op ↓	Almal word/wees ↓
PASSIEF	geskenke (gawes, kerkleiers)	die heiliges (gelowiges)	die liggaam van Christus	soos Christus

Vanuit Efesiërs 4 beklemtoon die voorstelling Christus as die gewer van alle gawes (blok 1), en dat Hy die eindpunt van die groei van die gemeente is (blok 4). Hy gee dus gawes aan die gemeente sodat die lede deur die benutting daarvan kan groei om meer en meer soos Hy te word. Om hierdie groei te laat plaasvind, is dit egter belangrik om die gawes wat Hy gee, aan te wend vir die spesifieke doel waarvoor Hy dit gee. In blok 1 (Ef. 4:11) is die kerkleiers die ontvangers van die gawes en daardeur word hulle self gawes aan

die gemeente. In blok 2 (Ef. 4:12a) word beskryf waarvoor die kerkleiers hulle gawes moet gebruik, naamlik om gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk. Die gelowiges is in hierdie blok die ontvangers van die toerusting. In blok 3 (Ef. 4:12b) word beskryf waarvoor die toerusting aangewend moet word, naamlik dienswerk binne die gemeente. Hier is die gemeente die ontvanger van mekaar se dienswerk. In blok 4 word die resultaat beskryf van dit wat in blok 1 tot 3 plaasvind, naamlik dat daar groei in die gemeente sal wees en die eindresultaat is dat Christus in die gemeente gestalte kry.

Indien die prosesse in blok 2 stagneer (vgl. die vertikale lyn), word die gemeentelide passiewe ontvangers van die bediening, en gaan hulle nie daartoe oor om mekaar te bedien nie. Die werk wat volgens blok 3 gedoen moet word, bly dan ongedaan óf die kerkleiers begin ook daarvoor instaan. Dit het tot gevolg dat hulle die toerusting van lidmate nog meer afskeep (blok 2), en ook nie die bediening (blok 3) kan doen soos wat Christus dit bedoel het nie (vgl. Hand. 2; Breed & Breed, 2010:627-653). Die gevolg hiervan is dat die groei wat in blok 4 moet plaasvind, gebrekkig is (vgl. ook Kruger, 2005:539-540).

Op grond van Efesiërs 4 is in die bedieningstrategie van die gemeente sterk klem gelê op toerusting, gemeenskap, uitreik en beplanning.

- **Toerusting**

- Kerkleiers en kategete is toegerus om te begryp wat hulle roeping is.
- Ouderlinge is toegerus vóór hulle huisbesoek gaan doen het, sodat hulle weer die gemeente kon toerus.
- Daar is voortdurend toerustingskursusse in die gemeente aangebied, gemik op die praktiese uitleef van die geloof sodat die gemeente tot volwassenheid in Christus kan groei en die lede standvastig in hulle geloof kan wees (Ef. 4:13-14).
- 'n Bybelskool is begin waar lidmate toegerus kon word in kennis van die hele Bybel.
- Sterk klem is gelê op die gehalte van die onderrig in sowel die kategeese as die prediking.

- **Gemeenskap**

- Baie moeite is gedoen om die erediens werklik 'n ontmoeting met die drie-enige God te maak.
- Bybelstudiegroep- en kleingroepbediening is doelbewus bevorder en uitgebou.
- Die diakens se werk is nader gedefinieer as “omgeebediening”. Dit het behels dat die diaken in sy wyk die mense wat meelewend, beskikbaar en bereid is, moet identifiseer. Die diaken moet hierdie gelowiges se gawes benut om mense in sy wyk wat om die een of ander rede nie voluit deel van die gemeente is nie, te probeer intrek en met die liefde van Christus te bedien.

- **Uitreik**

- Die gemeente het 'n predikant beroep en na Londen gestuur om daar 'n gemeente te stig met die oog op die bediening van Suid-Afrikaners, maar uiteindelik ook om die evangelie in Londen uit te dra.
- Die gemeente het gelowiges in die Diepsloot-plakkerskamp bedien en hulle as 'n wyk van die gemeente verwelkom, en uiteindelik ook 'n predikant beroep wat hulle in hulle eie taal (Sotho en Zoeloe) kan bedien.
- In die prediking en in die Bybelstudiegroepe is mense toegerus om die evangelie in die gang van hulle lewens aan ander oor te dra.
- 'n Engelse bediening is begin deur 'n Bybelstudiegroep te stig en 'n vertaaldiens in die erediens in te stel.

- **Beplanning**

- Voortdurende beplanning het deel geword van die gemeentestrategie. 'n Diensgroep is gestig wat voortdurend evaluering en beplanning moet doen. Elke jaar is 'n groot beplanningsberaad gehou waar evaluering gedoen is van die vordering en nuwe planne op die tafel gesit is.

3.2 Sukses

Al hierdie dinge is met 'n mindere of meerdere mate van sukses beloon. Die een groot tekortkoming wat telkens uitgewys is, is dat die mense wat reeds in die gemeente betrokke was, meer betrokke geraak het, maar dat min wat onbetrokke was, betrokke geraak het.

Die omgeebediening deur die diakens het gesukkel om van die grond af te kom en daar is slegs enkele lidmate wat bereid was om ander te besoek. Diakens was nie werklik gemotiveerd of het nie toegerus gevoel om omgeebediening in hulle wyke te begin nie. Dit was duidelik dat die bediening grootliks vashaak in blok 2 van die Efesiërs 4-bedieningsmodel. Die vraag het ontstaan hoe ver die gemeente ingekoop het in die bedieningsmodel en hoe hulle hulle deelwees van die gemeente ervaar. Is daar gawes wat die Here aan hierdie gemeente gegee het wat onder- of glad nie benut word nie? Daarom is besluit om 'n empiriese ondersoek in die gemeente te doen en die data dan te gebruik om die bedieningsplan te verfyn of ingrypend te verander indien nodig. Die beginsels uit die Skrif was nie onderhandelbaar nie, maar die oortuiging was dat duidelikheid uit die data verkry kan word oor die wyse waarop hierdie beginsels in die praktyk toegepas kan word.

4. Die metodologie van die empiriese ondersoek

4.1 Die navorsingsprobleem

Soos reeds uiteengesit, is 'n struikelblok tussen blok 2 en 3 in die Efesiërs 4-bedieningsmodel geïdentifiseer. Dit wou lyk asof die bediening primêr *deur* die kerkraad *aan* die gemeente geskied – wat lynreg in teenstelling met 'n mekaarbediening staan. In 'n mekaarbediening is gemeentelêde aktief betrokke op verskeie vlakke van bediening. Die navorsingsprobleem was daarom om te verstaan *hoe* die gemeente verby hierdie struikelblok kon beweeg na 'n werklike mekaarbediening. Die eerste twee hipoteses (H1 en H2) is daarom as volg met die aanvang van die navorsing geformuleer:

- H1:** 'n Struikelblok bestaan tussen blok 2 en 3 van die Efesiërs 4-bedieningsmodel in die gemeente, deurdat bediening primêr van kerkraadslede na gemeentelêde vloei.
- H2:** Dit is moontlik om die bedieningskultuur van die gemeente so te verander dat gemeentelêde aktief betrokke raak by 'n mekaarbediening.

4.2 Navorsingsmetodologie

Die navorsingsontwerp het bestaan uit 'n gekombineerde kwalitatiewe en kwantitatiewe metodologie. Kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing word gereeld gekombineer wanneer onafhanklike veranderlikes (of die faktore wat 'n impak op die onafhanklike veranderlike het – in hierdie geval betrokkenheid by die kerk), nie bekend is nie (Mariampolski, 2001:22; vgl. Van der Ven, 2002:8). Voor 'n kwan-

titatiewe meetinstrument ontwikkel kon word, was dit nodig om die moontlike faktore wat 'n impak op kerkbetrokkenheid kon hê, te identifiseer. Tabel 2 is 'n opsomming van die metodologie wat in die empiriese ondersoek gevolg is:

Tabel 2: Die fases van die empiriese ondersoek

	Navorsingsfase	Doel	Beskrywing
1	Kwalitatiewe ondersoek	Identifiseer faktore wat gemeente se beleving beïnvloed, met die doel om 'n kwantitatiewe vraelys op te stel.	10 fokusgroepe
2	Formulering van hipoteses	Voer kwantitatiewe fase uit, gefokus op die oplossing van die navorsingsprobleem.	Herformuleer kernbevindings uit kwalitatiewe navorsing as hipoteses
3	Kwantitatiewe ondersoek	Verkry begrip vanuit 'n statistiesverteenvoerdigende steekproef.	371 self-involvraelyste.

4.3 Metode en steekproef vir Fase 1: kwalitatiewe navorsing

Die kwalitatiewe navorsingsfase het bestaan uit fokusgroepe wat met gemeentede gehou is. Altesame tien fokusgroepe met gemeentede in verskillende lewensfases is gehou. Tabel 3 is 'n opsomming van die steekproef van die kwalitatiewe fase.

Tabel 3: Kwalitatiewe steekproef

Groep	Wyksindeling	Beskrywing	Deelname in aktiwiteite by die kerk
1	A	Pensioentrekkers	Gemeng – aktief en nie aktief betrokke by kerkaktiwiteite
2	B	Getroude paartjies wie se kinders reeds uit die skool is	Gemeng – aktief en nie aktief betrokke by kerkaktiwiteite
3	C	Getroude paartjies met kinders op skool	Aktief betrokke by kerkaktiwiteite
4	C	Getroude paartjies met kinders op skool	Nie aktief betrokke by kerkaktiwiteite

Groep	Wyks-indeling	Beskrywing	Deelname in aktiwiteite by die kerk
5	D	Jonggetroude paartjies son-der kinders	Aktief betrokke by kerk-aktiwiteite
6	E	Ongetroude jongmense	Aktief betrokke by kerk-aktiwiteite
7	D/E	Jonggetroude paartjies son-der kinders en ongetroude jongmense	Nie aktief betrokke by kerkaktiwiteite
8	-	Diakens	Aktief betrokke by kerk-aktiwiteite
9	-	Ouderlinge	Aktief betrokke by kerk-aktiwiteite
10	-	Hoërskoolkinders	Aktief betrokke by kerk-aktiwiteite

Die samestelling van elke groep is so homogeen as moontlik gehou om te verseker dat bevindings so spesifiek moontlik sou wees tot gemeentelede in verskillende lewensfases. 'n Poging is ook aangewend om gemeentelede wat by aktiwiteite in die kerk betrokke was, sowel as gemeentelede wat nie by aktiwiteite in die kerk betrokke was nie by die steekproef in te sluit. Alle groepe het manlike en vroulike gemeentelede ingesluit.

Fokusgroepe is deur 'n marknavorser gefasiliteer wat onafhanklik van die gemeente se leierskap was. Elke fokusgroep het tussen ses en agt deelnemers gehad. Waar moontlik is die groepsbyeenkomste gehou op 'n perseel weg van die kerkgebou, en die groepe is nie deur enige verteenwoordigers van die kerkleierskap bygewoon nie, ten einde 'n oop bespreking te bevorder.

4.4 Metode en steekproef vir kwantitatiewe navorsing

Faktore wat moontlik betrokkenheid by kerkaktiwiteite beïnvloed, is tydens die kwalitatiewe fase geïdentifiseer. Hierdie faktore is in die kwantitatiewe fase geverifieer. 'n Self-invulvraelys is opgestel en op 'n Sondag gedurende die oggend- en aanderedienste uitgedeel. Om respondentuitputting te verminder, is die vraelys vóór die aanvang van elke erediens uitgedeel. Dit is ook die daaropvolgende Maandag elektronies na die gemeente uitgestuur. Die elektroniese verspreiding van die vraelys het nie 'n groot uitkoms gelever nie en toekomstige studies behoort nie slegs van hierdie data-insamelingsmetode gebruik te maak nie. Gemeentelede is gevra om slegs eenmalig die vraelys in te vul. (Indien 'n gemeentelid dus albei die Son-

dageredienste bywoon en die vraelys elektronies ontvang, moes hy/sy slegs een keer die vraelys voltooi). Die totale kwantitatiewe steekproef was 371. Die foutspeling was slegs 4,1 (bereken vir die 95%-sekerheidsinterval vir 'n totale populasie van 1 074 belydende lidmate). Tabel 4 is 'n opsomming van die samestelling van die kwantitatiewe steekproef.

Die vraelys maak meestal gebruik van tienpuntvrae waar die respondent gevra word tot welke mate hy/sy saamstem met 'n stelling wat gemaak word. 'n Tienpuntskaal is gebruik omdat dit meer variansie in die data verseker en omdat daar dan nie 'n maklike middelwaarde-uitweg is nie. Waar relevant, is die data volgens demografiese eienskappe ontleed (soos uiteengesit in Tabel 4) en ook volgens betrokkenheid. Sommige aspekte van die empiriese ondersoek kon nie in 'n skaalvraag geformuleer word nie. Hierdie data is as persentasies weergegee. Dit word aangedui by die bespreking van die betrokke faktore in punt 5.2.

Respondente het aangedui by watter diensgroepe of aktiwiteite hulle by die kerk betrokke is. Op grond van hierdie vraag is 'n indeks saamgestel wat die steekproef in drie segmente van betrokkenheid verdeel. Elke aktiwiteit is subjektief as 'n “gee”- of “ontvang”- aktiwiteit geklassifiseer. So is “feesaande deelneem” geklassifiseer as 'n “ontvang-aktiwiteit”, en “feesaande reël” as 'n “gee-aktiwiteit”. Aktiwiteite wat 'n aktiewe bydrae van betrokkenes verg (“gee-aktiwiteite”) het 'n hoër waarde ontvang as aktiwiteite waar lidmate meer ontvang as gee (“ontvang-aktiwiteite”).

Geslag		Tyd in die gemeente*		Lewensfase	
Manlik	46%	Minder as 6 maande	7%	Pensioentrekkers	13%
Vroulik	49%	6-12 maande	6%	Paartjies sonder kinders op skool	19%
Geen waarde	5%	1-3 jaar	18%	Gesinne – paartjies met kinders op skool (en kinders)	27%
		4-6 jaar	19%	Jonggetroude paartjies sonder kinders	14%
		7-10 jaar	9%	Ongetroude jong volwassenes	19%
		11-15 jaar	7%	Geen waarde	6%
		16-20 jaar	6%		
		20+ jaar	21%	Besoekers (nie gemeentelede)	2%
		Geen waarde	7%		
Ouderdom		Rol in die ge-meente		Betrokkenheid	
Hoërskool	2%	Ouderlinge	12%	Baie betrokke	10%
19-24	8%	Diakens	8%	Matig betrokke	38%
25-29	18%	Gemeentelede	80%	Onbetrokke	52%
30-39	18%				
40-49	14%				
50-59	12%				
60-69	14%				
70-79	7%				
80+	1%				
Geen waarde	6%				

- **Onbetrokke:** geen of slegs een “ontvang”-aktiwiteit

5. Kwalitatiewe navorsingsbevindings

Die data is gedurende die kwalitatiewe fase deur middel van fokus-groepe versamel. Die ongestruktureerde gesprek gedurende die fokusgroepe het die volgende breë temas ingesluit: Die gesprek is eerstens ingelei met 'n bespreking van die lidmate se lewenstyl en persoonlike geloofskonteks. Dit het 'n bespreking van hulle waardes, vryetydsbesteding en mediagebruik ingesluit. Daarna is 'n bespreking gevoer van die Randburg-gemeente se belewing met betrekking tot die gemeente se unieke eienskappe en lidmate se ervaring van hulle rol binne hierdie konteks. Die mekaarbediening het daarna regstreeks aandag gekry ten einde te ondersoek tot watter mate lidmate bewus was van die bedieningsmodel en of die bedieningsmodel werklik begryp word. Die groepe het afgesluit met die identifisering van faktore wat hulle betrokkenheid by die bediening verhoinder en moontlik kon bevorder.

Die data is deur 'n gestruktureerde proses van drie stappe ontleed (Ryan & Bernard, 2003:85; Ratner, 2001:1-4). Eerstens is temas en subtemas geïdentifiseer wat die inherente betekenis van die belangrikste grepe uit die bespreking opgesom het. Tweedens is hierdie temas in verbandhoudende groepe gerangskik. Laastens is die temas geprioritiseer om 'n hiërargie van temas daar te stel wat die kern van die bevindings proporsioneel kon voorstel. Hierdie hiërargie is in hipoteses omskryf wat in die kwantitatiewe fase bevestig kon word.

5.1 Kwalitatiewe bevindings as hipoteses

Die volgende kwalitatiewe bevindings is in die kwantitatiewe fase as hipoteses (H3-H10) getoets:

- H3:** Individuele betrokkenheid word verhoinder deur 'n persoonlike gevoel van onbekwaamheid en 'n gebrek aan kennis.
- H4:** Betrokkenheid word verhoinder deur 'n gebrek aan persoonlike verantwoordelikeidsbesef.
- H5:** Betrokkenheid word benadeel deur 'n algemene tekort aan vrye tyd in gemeentelike se persoonlike skedules.
- H6:** Die verskille in die lewensomstandighede, prioriteite en behoeftes van gemeentelike in verskillende lewensfasies, het 'n beduidende invloed op hulle betrokkenheid in die gemeente.

- H7:** Gemeentelede is oorafhanklik van die kerkleiers (ampte).
- H8:** Betrokkenheid sal bevorder word deur toerusting en take so spesifiek moontlik vir die individu te maak.
- H9:** Betrokkenheid sal bevorder word deur 'n gesindheidsverandering by gemeentelede oor die mekaarbediening.
- H10:** Gemeentelede is nie sosiaal met mekaar bekend nie en betrokkenheid sal bevorder word indien gemeentelede mekaar leer ken.

5.2 Om gemeentelede in verskillende lewensfases te verstaan

Hipotese 5 verwys na die invloed wat die beskikbaarheid van vrye tyd op betrokkenheid in die gemeente kan hê. Die Gereformeerde Kerk Randburg se wyke, asook die kwalitatiewe steekproef, is volgens lewensfase ingedeel. Soos genoem, het die kwalitatiewe fase 'n dieptestudie na lidmate se lewensomstandighede ingesluit. Die verskille en ooreenkomste in die vrye tyd en prioriteite van gemeentelede in verskillende lewensfases regverdig daarom bespreking.

Vrye tyd is vir die doel van die gesprek gedefinieer as enige tyd wat buite werk- of skoolverpligtings oorbly en sal tipies weeksaande, naweke en vakansies insluit (binne hierdie definisie is al die pensioentrekkers se tyd as "vrye tyd" geklassifiseer). Gemeentelede is ook gevra om die kerk as 'n denkbeeldige persoon voor te stel. Hierdie vraag is geformuleer in 'n poging om te verstaan in watter verhouding elke segment met die kerk staan. Laastens is gemeentelede gevra om te verduidelik hoe hulle betrokkenheid by kerkaktiwiteite binne hierdie breë lewensraamwerk inpas. Verskille is geïdentifiseer in die lewensomstandighede, prioriteite en behoeftes van die verskillende segmente. Tabel 5 lig die belangrikste verskille tussen die segmente uit.

Tabel 5: Die verskille tussen gemeentelede in verskillende lewensfases

	Pensioentrekkers	Gesinne met volwasse kinders (huisverlaters)	Gesinne met kinders in die huis
Prioriteite	Eggenootversorging Kinders Eie belangstellings	Werk Verhoudings Breër familie Kinders en kleinkinders	Gesin en veral kinders Finansiële druk Voel impak van SEB
Die kerk as denkbeeldige persoon	Goeie vriend/-vriendin Middeljarig met genoeg ervaring, maar nie te oud om self versorging nodig te hê nie	Manlik Ouer Modern, maar nie volksvreemd nie	Goeie vriend Ondersteuningspilaar By 'n kruispad – baie om voor verskoning te vra oor die verlede, maar probeer hard
Vrye tyd	Heelwat vrye tyd, maar is baie selektief in die keuse van aktiwiteite waaraan hulle deelneem	Vrye tyd bestee aan: Werk by die huis verder Direksies Skryf, lees Kleinkinders se naskoolse aktiwiteite	Baie min werklike vrye tyd wat nie deur skoolaktiwiteite opgeneem word nie Gesin soms eers om 19:00 almal tuis
Betrokkenheid by kerk	Weeksdae Glad nie in die aand Nie oor naweke	Geniet betrokkenheid by kerkaktiwiteite as geleentheid om goeie vriende te sien	Vind dit moeilik om by kerkaktiwiteite betrokke te wees as daar nie voorsiening gemaak word vir kinders nie

	Jonggetroudes sonder kinders	Enkellopendes	Hoërskoolkinders
Prioriteite	Loopbaan- en finansiële vryheid Jong huwelik ("My man" of "My vrou")	Finansiële onafhanklikheid Vestig loopbaan Vestig verhoudings	Akademie Beroepskeuses
Die kerk as denkbeeldige persoon	Iemand vir wie ek respek het Iemand by wie ek veilig voel Iemand wat ek trots is om te ken	Ouer Manlik Respekteer hom "Soos die MD van 'n maatskappy"	Vaderlike figuur Iemand wat jy kan vertrou met jou probleme
Vrye tyd	Min vrye tyd Werk laat en stadsverkeer Vrye tyd aan vriende en familie; werk by die huis; "nesskrop"	Addisionele studies Nesskrop Baie sosiaal in groter vriendekringe	Baie besig met sport, huiswerk, kultuuraksies Kom gereeld eers saans tuis
Betrokkenheid by kerk	Sosialiseer graag by kerk. Voel vrymoedig om ander vriende (buite kerk) saam te bring. Verkies om saam met lewensmaat betrokke te wees	Betrokkenheid word bevorder deur die moontlikheid om te sosialiseer met ander enkellopendes/jong mense	Kerkbetrokkenheid ding mee met uiters vol skoolkalender

• Kwantitatiewe bevindings

In die kwalitatiewe fase is verskeie struikelblokke en moontlike sleutels tot sukses geïdentifiseer. Hier word die relevansie van elk van hierdie aanvanklike hipoteses in die lig van die kwantitatiewe data

bespreek en riglyne word getrek vir die beoordeling en ontwikkeling van die praktyk van die Efesiërs 4-bedieningsmodel.

- **Mekaarbedieningsgesindheid**

H1: 'n Struikelblok bestaan tussen blok 2 en 3 op die Efesiërs 4-bedieningsmodel in die gemeente deurdat bediening primêr van kerkraadslede na gemeentelede vloei. Dit is bevestig.

Die kerkleiers se aanvanklike hipotese dat daar 'n struikelblok tussen blok 2 en 3 in die model is, is in die studie bevestig. Tabel 6 kontrasteer lidmate se gesindheid teenoor die mekaarbediening met die werklikheid van aktiewe betrokkenheid by die bediening. Die waardes verteenwoordig die gemiddeld op 'n 10-punt-skaal, waar 10 gelyk is aan "Ek stem volkome saam" en 1 gelyk is aan "Ek stem glad nie saam nie".

Tabel 6: Mekaarbedieningsgesindheid

Gemiddeld op 'n 10- punt-skaal	Glo in mekaarbediening		Neem aktief deel aan mekaarbediening	
	Gemeentelede moet mekaar bedien	Ek wil graag mense bedien in die gemeentete	Gemeentelede bedien mekaar reeds genoegsaam	Ek is aktief by 'n diensgroep betrokke
Baie betrokke lidmate	9,5	8,9	4,0	8,6
Matig betrokke lidmate	8,4	7,5	4,5	5,8
Onbetrokke lidmate	8,3	6,9	5,1	2,6
Alle lidmate	8,5	7,4	4,8	4,6

Die gemeente stem bogemiddeld saam dat mekaarbediening noodsaaklik is (gemiddeld 8,46 op 'n 10-puntskaal) en wil ook graag self betrokke wees (gemiddeld 7,38). Lidmate glo egter self dat mekaarbediening nog nie 'n werklikheid in die gemeente is nie. Daar was nie 'n beduidende verskil tussen lidmate in verskillende lewensfases nie, maar daar was wel 'n verskil tussen betrokke en onbetrokke

lidmate. 'n Mekaarbedieningsgesindheid hou regstreeks verband met die mate waartoe 'n lidmaat in die gemeente betrokke is. Vergelyk die oortuiging oor die belangrikheid van mekaarbediening van betrokke (9,46) en onbetrokke (8,33) lidmate. Let ook op hoe betrokke lidmate 'n meer realistiese oortuiging van die huidige sukses van mekaarbediening het (4,03) teenoor onbetrokke lidmate (5,14).

H2: Dit is moontlik om die bedieningskultuur van die gemeente so te verander dat gemeentelide aktief betrokke raak by 'n mekaarbediening. Dit is nie bevestig nie.

Die resultate van die empiriese ondersoek is aan die kerkleierskap gekommunikeer, maar die impak daarvan sal eers met verloop van tyd gesien kan word. 'n Voorstel vir verdere navorsing is daarom om die navorsing in dieselfde gemeente te herhaal na vyf jaar om te toets of mekaarbediening 'n werklikheid geword het.

• **Struikelblokke wat betrokkenheid verhinder**

Tabel 7 is 'n opsomming van die kwantitatiewe data beskikbaar oor struikelblokke wat betrokkenheid verhinder. Hipoteses 3, 5, 8 en 9 kan aan die hand hiervan hersien word.

Tabel 7: Faktore wat betrokkenheid verhinder

Struikelblok	Gemiddeld op 'n 10-puntskaal
Meer inligting nodig	6,1
Vrye tyd	5,8
Woon uitsluitlik aksies by wat deur ander gereël word	5,6
Iemand anders sal dit beter kan doen as ek	5,5
Iemand anders sal dit doen, ek hoef nie	5,1
Voel nie welkom/vrymoedig nie	4,5
Nie die regte opleiding/toerusting nie	3,3
Daar val altyd iets voor	2,7
Bang hulle verwerp my aanbod	2,7
Woon net kerkdinge by as ek regtig nie anders kan nie	2,7

H3: Individuele betrokkenheid word verhinder deur 'n persoonlike gevoel van onbekwaamheid en 'n gebrek aan kennis. Dit is gedeeltelik bevestig.

Die eerste geïdentifiseerde struikelblok wat moontlik betrokkenheid by bediening verhoinder, is 'n gebrek aan bekwaamheid en toerusting. Verskeie struikelblokke uit Tabel 7 sluit by 'n gevoel van onbekwaamheid aan: *Meer inligting nodig* (gemiddeld van 6,13 op die 10-puntskaal), *iemand anders sal dit beter kan doen, ek hoef nie* (5,45) en *nie die regte opleiding/toerusting* (3,31). Ten spyte van verskeie toerustingsgeleenthede by die kerk was sommige gemeentelide huiwerig om betrokke te raak by die bediening. 'n Minderheid lidmate het egter te kenne gegee dat hulle definitief nie vrymoedigheid het of welkom voel om hulle gawes in die gemeente te gebruik nie. Onsekerheid of hulle wel in staat is om bepaalde take te verrig, speel dus 'n belangrike rol in die onaktiwiteit (onbetrokkenheid) van lidmate. Toerustingsgeleenthede het dus nie hierdie onsekerheid weggeneem en lidmate bemagtig om bepaalde take met vertroue te kan aanpak nie. Toerusting moet sodanig geskied dat lidmate seker is dat hulle in staat is om 'n bepaalde taak te verrig.

H4: Betrokkenheid word verhoinder deur 'n gebrek aan persoonlike verantwoordelikeidsbesef. Dit is bevestig.

In 'n groter gemeente soos die Gereformeerde Kerk Randburg is dit maklik vir individue om in die groot groep “weg te raak”. 'n Belangrike struikelblok wat na vore kom, is daarom die foutiewe aanname dat daar wel iemand anders in die gemeente is wat 'n betrokke taak sal afhandel. Die relatiewe prominensie van die struikelblokke *iemand anders sal dit beter kan doen as ek* (gemiddeld van 5,45 op die 10-puntskaal), en *iemand ander sal dit doen, ek hoef nie* (5,10), wys daarop dat 'n beduidende deel van die gemeentelide nie seker is of hulle werklik in die bediening nodig is nie. 'n Algemene oproep tot betrokkenheid by 'n sekere taak, byvoorbeeld deur afkondigings of ander algemene kommunikasie sal daarom nie lei tot 'n persoonlike verantwoordelikeidsbesef en betrokkenheid nie. Lidmate moet persoonlik genader word om 'n besondere taak te verrig.

H5: Betrokkenheid word benadeel deur 'n algemene tekort aan vrye tyd in gemeentelide se persoonlike skedules. Dit is bevestig.

Vrye tyd is naas 'n gebrek aan inligting die grootste struikelblok. Die meeste lidmate het beperkte tyd beskikbaar om by die gemeente betrokke te wees. Indien die aktiwiteite waarby hulle betrokke kan raak meer tyd van hulle vra as wat hulle beskikbaar het, sal hulle liever glad nie betrokke raak nie. Lidmate moet ook betrokke kan raak op 'n grondslag wat nie so baie tyd van hulle verg nie. Lidmate wat gewillig is om betrokke te raak, maar min tyd het, moet in ag

geneem kan word. Omdat die vrye tyd van lidmate in verskillende lewensfases grotendeels verskil, is dit teoreties moontlik om tye waarin betrokkenheid nodig is, aan te pas volgens die beskikbaarheid van lidmate (bv. ouer mense en volwassenes met gesinne is nie later in die aand beskikbaar nie, terwyl jongmense juis laat in die aand beskikbaar is).

H6: Die verskille in die lewensomstandighede, prioriteite en behoeftes van gemeentelede in verskillende lewensfases het 'n beduidende invloed op hulle betrokkenheid in die gemeente. Dit is bevestig.

Uit die ondersoek (vgl. Tabel 5) is dit duidelik dat verskillende lewensfases verskillende eise aan lidmate stel en ook verskillende prioriteite en behoeftes meebring. 'n Bedieningsmodel vir die gemeente sal aanpasbaar moet wees om hierdie verskille in ag te neem.

H7: Gemeentelede is oorafhanklik van die kerkleiers (ampste). Dit is bevestig.

In gesprek met gemeentelede oor die hantering van persoonlike probleme, het dit duidelik geword dat die meeste gemeentelede oorafhanklik van die leraars (predikante) is ten opsigte van die hantering van persoonlike probleme. Ten spyte van verskeie ander diensgroepe en persone wat hulp kan verleen, verkies die meeste om eerste die leraar met 'n probleem te kontak. Diensgroepe en die uitgebreide kerkraad word nie optimaal benut nie en dit plaas bykomende druk op die predikant. Hierdie hipotese is sterk in die kwantitatiewe data bevestig. Tabel 8 is 'n opsomming van die kontakpunte wat lidmate se eerste voorkeur is met 'n persoonlike probleem. Die data verwys na die persentasie lidmate wat die betrokke kontakpunt eerste met 'n probleem sal kontak. Die predikant word eerste deur 41% van die lidmate gekontak, terwyl slegs 2% die omgeebediening eerste sal kontak.

Tabel 8: Lidmate se eerste kontakpunt met 'n probleem

Eerste kontakpunt met 'n probleem									
	Predikant	Iemand in Bybel-studiegroep	Ouderling	Iemand anders in die gemeente	Sielkundige / berader buite die kerk	Omgee-bediening	Diaken	Kerkkantoor	Ander
1e kontak	41%	19%	10%	10%	10%	2%	1%	1%	6%
2e kontak	27%	15%	21%	13%	15%	2%	2%	2%	3%
3e kontak	16%	14%	19%	14%	17%	3%	4%	10%	3%

Die meeste lidmate (68%) sien steeds die predikant as eerste of tweede kontakpunt in die hantering van persoonlike probleme. Naas die leraar blyk Bybelstudiegroepe die sterkste alternatief te wees. Die ouderling is 'n populêre tweede of derde kontakpunt met 'n persoonlike probleem, in kontras met die diaken wat swakker presteer. Die rol van die omgeebediening was ten tye van die navorsing nog nie in die gemeente gevestig nie en lidmate verkies om deur 'n bekende gehelp te word. Oor die algemeen speel persoonlike verhoudings 'n belangrike rol in die keuse van kontakpunt tydens 'n persoonlike probleem.

Lidmate is gevra om vir elke bedieningstaak aan te dui of dit slegs die lidmate, of sowel die lidmate as die kerkleiers (ampte), of slegs die kerkleiers (ampte) se verantwoordelikheid is. Van die bedieningstake wat getoets is, het lidmate die meeste as 'n gedeelde verantwoordelikheid tussen lidmate en die kerkleiers (ampte) beskou. Die werklikheid in die aktiwiteite van die gemeente word nie in hierdie data weerspieël nie. Die antwoorde gee dus 'n aanduiding van gesindheid en oortuiging eerder as werklike betrokkenheid by die bedieningstake. Die gesindheid moet ook in die werklike uitvoering van die take gestalte vind. Insig en gesindheid is iets wat deur die regte begeleiding benut kan word om groter betrokkenheid te verkry.

Tabel 9: Persepsies van werksverdeling in die gemeente

	Slegs lidmate	Leiers en lidmate	Slegs leiers
Meelewing, bv. ondersteun in nood	5%	93%	2%
Vir mense in die gemeente bid	9%	90%	1%
Help om geestelik te groei	4%	89%	7%
Gevoel van gemeenskap (koinonia) bevorder	9%	85%	6%
Ander lidmate tuis te laat voel	14%	84%	2%
Nuwe intrekkers besoek of uitnood	9%	82%	9%
Lofprysing reël	7%	80%	13%
Geldinsameling vir mense in nood	13%	77%	10%
Nuwe diensgroep begin	12%	75%	13%
Help om Woord te verstaan	4%	67%	29%

- **Die bevordering van betrokkenheid wat tot volwassenheid lei**

Tabel 10 en 11 is opsommings van die faktore wat betrokkenheid in die gemeente kan bevorder. Aangesien die faktore wat betrokkenheid kan bevorder ook (soos die struikelblokke) as stellings aangebied is en lidmate dan moes aandui of hulle saamstem of nie, word die data in Tabel 10 en 11 weer as 'n gemiddelde op 'n 10-punt-skaal aangedui (waar hoër waardes aandui dat die lidmate saamstem met die stelling). Soos reeds bespreek, is die steekproef in drie groepe verdeel ten opsigte van betrokkenheid. Beduidende verskille is waargeneem tussen die antwoorde van betrokke en onbetrokke lidmate. Die verskil word daarom ook tussen hierdie groepe aangedui.

Tabel 10: Faktore wat betrokkenheid kan bevorder

Faktore wat betrokkenheid kan bevorder (Gemiddeld op 'n 10-puntskaal)				
	Verskil kan maak met my unieke talente	Persoonlik nader en vra om deel te neem	Geroepe te voel	Stel ander funksies af vir kerk-dinge
Baie betrokke lidmate	9,1	7,1	7,2	7,9
Matig betrokke lidmate	7,5	6,6	6,4	5,8
Onbetrokke lidmate	7,3	7,1	6,7	4,9
Alle lidmate	7,6	6,9	6,6	5,6

H8: Betrokkenheid sal bevorder word deur toerusting en deur take so spesifiek moontlik vir die individu te maak. Dit is bevestig.

Hierdie hipotese is sterk in die empiriese ondersoek bevestig. Die faktore (wat in die kwalitatiewe fase geïdentifiseer is) wat moontlik betrokkenheid kan bevorder (en as hipoteses in die kwantitatiewe fase bevestig is), beklemtoon almal die tema van individuele betekenis in betrokkenheid. *Om 'n verskil te maak met my eie talente en om geroepe te voel* (albei met bogemiddelde waardes op die 10-puntskaal), is vir die meeste belangrik. Veral lidmate wat reeds aan die werk is (baie betrokke), het besonder sterk aangedui (9,1) dat hulle graag op 'n terrein wil werk waar hulle unieke gawes het. Hierby sluit die oortuiging aan – wat sterk by alle lidmate leef – dat hulle besig wil wees met iets waarvoor hulle deur die Here geroepe voel, en dat hulle persoonlik genader wil word om daarby betrokke te raak. Wanneer lidmate begelei word om hulle gawes te ontdek, asook die plek waar hulle dit kan aanwend en hulle word prakties toegerus daarvoor, kan dit betrokkenheid verhoog.

'n Vergelyking tussen betrokke en onbetrokke lidmate bevestig dat die lewering van 'n unieke bydrae die belangrikste motivering vir betrokke lidmate is. Vir hierdie groep lidmate het hulle betrokkenheid al na lojaliteit en prioritisering oorgeskakel.

H9: Betrokkenheid sal bevorder word deur 'n gesindheidsverandering by gemeentedele oor die mekaarbediening. Dit is nie bevestig nie.

Die gemeente is tot 'n groot mate oortuig dat die Here vra dat ons mekaar moet bedien. Baie lidmate is ook gewillig om dit te doen. Die oortuiging en gewilligheid lei egter by baie nie noodwendig tot aksie nie. 'n Gesindheidsverandering moet dus ook gepaard gaan met strukturele aanpassings om die oortuiging en gewilligheid tot aksie aan te spoor.

H10: Gemeentelede is nie sosiaal met mekaar bekend nie en betrokkenheid sal bevorder word indien gemeentelede mekaar leer ken. Dit is bevestig.

Die ondersoek toon 'n regstreekse korrelasie aan tussen lidmate se betrokkenheid en sosiale vriendskappe binne die gemeente. Lidmate wat baie betrokke is, het ook meestal baie sosiale vriende binne die gemeente en niemand wat baie betrokke is, het aangedui dat hy/sy geen kerkvriende het nie. Soos die betrokkenheid afneem, neem die aantal vriende in die kerk ook af.

Tabel 11: Die invloed van vriendskappe op betrokkenheid

	Baie sosiale kerkvriende	Min sosiale kerkvriende	Kerk en sosiale vriende	Slegs kerkvriende	Geen kerkvriende	Geen antwoord
Baie betrokke lidmate	49%	16%	19%	11%	0%	5%
Matig betrokke lidmate	29%	26%	15%	16%	8%	6%
Onbetrokke lidmate	13%	26%	10%	12%	20%	19%

Dit is moeilik bepaalbaar wat eerste is, betrokkenheid of vriendskap. Die werkbare aanname sou wees dat dit in albei rigtings werk. Lidmate wat vriende in die gemeente het, sal makliker saam met die vriende kan betrokke raak, en lidmate wat uit hulle eie betrokke raak, sal waarskynlik binne die gemeente vriende maak. Sosiale betrokkenheid by mekaar is egter duidelik uitgewys as 'n faktor in betrokkenheid by die gemeente. Een manier om sosiale betrokkenheid te bevorder, is die instelling van Bybelstudiegroepe. Tabel 12 vergelyk die betrokkenheid van lidmate wat deel is van 'n Bybelstudiegroep en lidmate wat nie deel is van so 'n groep nie. Let op dat 62% van lidmate wat nie by 'n Bybelstudiegroep inskakel nie, as onbetrokke lidmate geklassifiseer is. Slegs 4,9% van lidmate wat nie deel is van 'n Bybelstudiegroep nie, skakel genoegsaam by ander aktiwiteite in om as betrokke lidmate geklassifiseer te word.

Tabel 12: Die invloed van Bybelstudiegroepe op betrokkenheid

	Baie betrokke lidmate	Matig betrokke lidmate	Onbetrokke lidmate
Deel van 'n Bybelstudiegroep	22,4%	51,4%	26,2%
Nie deel van 'n Bybelstudiegroep nie	4,9%	32,6%	62,5%

6. Riglyne vir die ontwikkeling van 'n bedieningsplan

6.1 Toerusting wat lidmate vir 'n bepaalde taak bekwaam

Lidmate het aangedui dat hulle bereid is om dienswerk te verrig, maar dat hulle onseker is of hulle dit kan doen, en of daar nie misken iemand is wat meer geskik vir die werk is nie. Kursusse wat by die oordra van die teorie ophou, het nie vrymoedigheid bewerk nie (vgl. H1, H3, H9).

Prediking en kursusse wat die bybelse beginsels onderrig, kan kennis oordra en gesindheid verander, maar sal nie noodwendig die lidmaat die vrymoedigheid gee om sy/haar gawes in die gemeente aan te wend nie. Toerusting moet op 'n bepaalde taak gerig wees (taakspesifiek). Wanneer 'n behoefte in die gemeente bestaan of 'n diensgroep met 'n bepaalde taak besig is, moet 'n kursus wat spesifiek op toerusting hiervoor gerig is, saamgestel word. Kursusse moet ook so ver moontlik praktiese inoefening insluit. Die resep van “*vertel* iemand waarom en hoe dit gedoen moet word, *wys* hom hoe dit gedoen word, *begelei* hom om dit self te doen en laat hom dit *self* doen”, moet gevolg word. Die strukture van die gemeente moet ook toegang tot dienswerk fasiliteer. Opvolging by lidmate wat kursusse deurloop het, is belangrik, sodat hulle aktief begelei word om vertroue op te bou daarin dat hulle nodig is in die bediening en 'n bydrae daartoe kan lewer.

6.2 Individuele werwing van lidmate vir besondere take

Lidmate het aangedui dat hulle nie seker is of hulle werklik in die bediening van die gemeente nodig is nie (vgl. H4 & H8). Individuele werwing van lidmate vir 'n bepaalde taak in die gemeente kan 'n belangrike rol speel om lidmate betrokke te kry. Hierin kan kursusse waarin lidmate hulle gawes kan ontdek 'n belangrike rol speel. Vanuit die resultate van hierdie kursusse kan lidmate betrokke raak by dienswerk waar hulle gawes van nut kan wees. Wyksbediening moet ook sodanig gestruktureer word dat wykslede spesifieke verantwoordelikheid ontvang. Lidmate moet sover moontlik by 'n klein-

groep (wyk of diensgroep) ingeskakel word en daar 'n spesifieke verantwoordelikheid ontvang.

6.3 Aanpasbaarheid van 'n bedieningsplan

Dit is onmoontlik om die sukses van 'n bedieningsplan te bepaal voordat dit nie vir 'n tyd lank toegepas is nie (vgl. H2). Voortdurende en geskeduleerde evaluering van 'n bedieningsplan is noodsaaklik om die mate van sukses daarvan te bepaal, swak punte te identifiseer en nuwe insigte te bewerkstellig. Die veranderende situasie binne 'n gemeente kan sodoende telkens verwerk word en neerslag vind in veranderings aan die bedieningsplan.

6.4 Betrokkenheid volgens beskikbare tyd

Lidmate het aangedui dat vrye tyd 'n baie skaars kommoditeit is en dat hulle daarom nie betrokke raak in die gemeente nie (H5).

Indien betrokkenheid by die bediening beteken dat lidmate meer tyd daaraan sal moet bestee as wat hulle dink hulle beskikbaar het, gaan hulle nie aan hierdie aktiwiteit deelneem nie. Dit kan dus beteken dat die lidmaat niks doen nie. Dit gee daartoe aanleiding dat 'n kleiner groep alles moet doen terwyl ander niks doen nie. Die tendens is dat wanneer iemand betrokke raak, hy/sy net al hoe meer take opgelê word, en dan op 'n stadium net nie meer kans sien vir alles nie en terugtrek. Dit kan veroorsaak dat so 'n lidmaat in die toekoms glad nie betrokke sal wil raak nie, omdat hy/sy bang is om weer oorlaai te word. Die bedieningstruktuur moet dit moontlik maak dat elke lidmaat betrokke kan raak in sover sy beskikbare tyd hom/haar toelaat. In plaas daarvan dat hy/sy byvoorbeeld diaken word van 'n hele wyk, kan net een lidmaat of gesin se versorging aan hom/haar opgedra word.

6.5 Sosiale betrokkenheid

Sosiale betrokkenheid en betrokkenheid by die bediening is baie nou aan mekaar gekoppel (vgl. H10). 'n Bedieningsplan moet doelbewus die geleentheid skep dat meer en meer lidmate mekaar goed kan leer ken en die moontlikheid om vriendskappe te sluit, vergroot. Kleingroepe wat gereeld bymekaarkom of gereeld saamwerk, kan hierin diensbaar wees. Kleingroepe moet daarop ingestel wees om sosiale interaksie te bevorder.

7. Voorstelle vir verdere navorsing

'n Poging is aangewend om minder aktiewe lede van die gemeente in te sluit, maar as gevolg van 'n inherente leemte in die data-insamelingsmetodes wat gebruik is, is hierdie groep minder verteenwoordig in die kwalitatiewe en kwantitatiewe steekproewe. Dit is moontlik dat gemeentelede wat aan die navorsing deelgeneem het (wat bereid was om fokusgroepe by te woon, wat die elektroniese vraelys ingevul het, of meer waarskynlik wat die eredienste bygewoon het), reeds meer geneig was om aan aktiwiteite deel te neem of reeds daarvoor oop was. Verdere navorsing moet die toepaslikheid van die bevindings toets vir gemeentelede wat nie aktief by die kerk betrokke is nie en waarskynlik nie eredienste bywoon nie.

Die Gereformeerde Kerk Randburg is 'n groot stadsgemeente. 'n Voorstel vir verdere navorsing is dat soortgelyke studies in plattelandse gemeentes en kleiner stadsgemeentes gedoen word om vas te stel of die bevindings van hierdie studie uniek is aan die spesifieke konteks van die gemeente.

'n Verdere voorstel vir navorsing is om vas te stel of die wyksverdeling van die Gereformeerde Kerk Randburg 'n invloed op betrokkenheid in die gemeente het. Gemeente-aktiwiteite word dikwels binne wyksverband aangebied en dit is moontlik dat hierdie feit sosiale vriendskappe bevorder, omdat gemeentelede met mense binne hulle eie lewensfase sosialiseer.

Die kwalitatiewe bevindings dat prioriteite en vryetydsbesteding in unieke lewensfases verskil, kan moontlik aandui dat dit makliker en meer aangenaam vir gemeentelede is om aan aktiwiteite deel te neem binne hierdie wyksverband. Dit is 'n veranderlike wat nie in die huidige studie empiries getoets kon word nie, omdat die hele studie binne die betrokke gemeente uitgevoer is. Navorsing is daarom nodig om betrokkenheid in 'n gemeente met 'n wyksverdeling volgens lewensfases te vergelyk met betrokkenheid in 'n gemeente waar wyke geografies verdeel is.

'n Bedieningsmodel wat gebruikmaak van die data wat deur hierdie studie verkry is, kan ontwikkel word.

Geraadpleegde bronne

BREED, G. & BREED, D.G. 2010. Besinning oor die diakonale dienswerk na aanleiding van Handeling 6:1-7. *In die Skriflig*, 44(3 & 4):627-653.

- HEIMBROCK, H. 2005. From data to theory: elements of methodology in empirical phenomenological research in practical theology. *International journal of practical theology*, 9(2):273-299.
- KRUGER, S.F. 2005. Toerusting as wordingsproses: perspektiewe uit die Efesiërbrief. *In die Skriflig*, 39(3):527-553.
- MARIAMPOLSKI, H. 2001. Qualitative research: a comprehensive guide. Thousand Oaks: Sage.
- NEL, M. 2009. Congregational analysis: a theological and ministerial approach. *HTS teologiese studies/theological studies*, 65(1):1-17. (<http://www.hts.org.za>)
- RATNER, C. 2001. Analyzing cultural-psychological themes in narrative statements. *Forum: qualitative social research*, 2(3):1-8.
- RYAN, G.W. & BERNARD, H.R. 2003. Techniques to identify themes. *Field methods*, 15(1):85-109.
- SCHWARZ, C.A. 1996. Natural church development: a guide to eight essential qualities of healthy churches. Carol Stream: ChurchSmart Resources.
- STRUWIG, O.J. 2004. Die verhouding gemeenskap van die gelowiges en die dienswerk van die diakens: 'n prakties-teologiese studie, met spesifieke verwysing na die "sewe" (Handelinge 6). Potchefstroom, NWU. (M.Th.-skripsie.)
- VAN DER VEN, J.A. 2002. An empirical or a normative approach to practical theological research? *Journal of empirical theology*, 15(2):5-33.
- VERSTEEG, J.P. 1980. Oog voor elkaar: het gebruik van het woord "elkaar" in het Nieuwe Testament met betrekking tot de onderlinge verhoudingen binnen de gemeente. Kampen: Kok.
- WOOLEVER, C. & BRUCE, D. 2004. Beyond the ordinary: 10 strengths of US congregations. Louisville: Westminster John Knox Press.

Kernbegrippe:

bedieningsmodel
empiriese ondersoek
volwasse gemeente

Key concepts:

ministry model
empirical study
mature congregation

